

CACHET APTEEK

U Plus Aptek

TOMSTRAAT 92

Tel. 4201

Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die **WAPAD**

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXIV NOMMER 10 6 APRIL 1979

TOPS

Uitsig Deurloop
Tel. 21112

VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle

Skoonheidsmiddels

Geskenke

AKADEMIESE INSPRAAK WORD WERKLIKHEID

Sinvolle inspraak deur studente in die akademie is diesig om by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte werklikheid te word. Daar is reeds drie kommissies aangewys, terwyl die klasvertegenwoordigers binnekort vir die eerste keer die mening van die studente in hul klas met betrekking tot 'n belangrike amptelike saak sal toets.

Die benadering van die Akademiese Raad is om sake versigtig en met oorleg aan te voer. Heelwat samesprekings met die owerhede sal dus nog gevoer moet word. Dis 'n lang proses wat deur oorhaastige optrede verongeluk kan word, aldus Cobus Viljoen, voorsitter van die Akademiese Raad.

Die drie kommissies wat op Dinsdagaand, 27 Maart, deur die Fakulteitskomitee aangestel is, bestaan uit 37 departementsvoorsitters.

Hulle moet die implikasies van die semesterstelsel op die studentegemeenskap ondersoek, klasgeemetodes uitpluis en die studente daaromtrent inlig.

Die eerste taak van die sowat 150 studenteverteenwoordigers sal wees om by die studente te hoor wat hulle as goeie en wat hulle as swak klasgeemetodes beskou. Studente sal ook moet sê wat hulle van die stelsel van studenteverteenwoordiging op klas- en departementsvlak dink.

Hierdie stelsel wat beteken dat studente nou hul standpunt kan stel oor moontlike verouderde leerplanne, swak doseermetodes kan kritiseer en moontlik uitkakel en 'n organisasie het om algemene probleme tussen hulle en hul dosente op 'n basis van wetersydse vertroue uit te stryk, het reeds algemene positiewe reaksie van Universiteitsowerhede ontlok.

Volgens mnr. Neels Schutte, die voorsitter van die Fakulteitskomitee, is die belangrikste doelwit van die nuwe ontwikkelinge om

groter betrokkenheid by en deelname aan die akademie by studente te bewerkstellig. Sou die stelsel aanvaar word, sal dit 'n nuwe era in studente verhoudinge inlui. Die student se volwassenheid om inspraak ook in die akademie te hê, sal dan erken word.

'n Eenmankommissie, bestaande uit mnr. Meno de Groot - lid van die dagbestuur - is verantwoordelik vir die verkryging van 'n handleiding oor doseermetodes met die hulp van gesaghebbende instansies soos die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste. Mnr. Claassen moet meewerk in 'n ondersoek na die wenslikheid van vraelyste waarin do-

seermetodes deur studente geëvalueer kan word - 'n praktyk wat na verneem word reeds deur verskeie departemente met sukses op die proef gestel is. Die derde kommissie, bestaande uit mnr. Mauritz Moolman - lid van die dagbestuur - en mnr. Izak Minnaar, moet so gou moontlik die studente met behulp van 'n inligtingstuk omtrent die implikasies van die semesterstelsel inlig.

Die ander lede van die dagbestuur van die Fakulteitskomitee vir Lettere en Wysbegeerte is mnr. Schalk Bornman (Ondervoorsitter), mej. Esmé du Preez (Sekretaresse) en die penningmeester, mnr. Gerrit Grobler.



'n Aantal lede van die Beheer Komitee van die Sportinstituut ontspan tussen al die "denkskrums" deur v.l.n.r. is Bennie Hattingh (Sportraad), mnr. Piet Brand (Sportsektaris), mnr. Piet Malan (Sportdirekteur), Pieter Groenewald (Sportraad), dr Piet van der Scyff, proff. Wynand Putter en Gert Scholtz.

• Verslag dien voor Raad

Nuwe hoop vir PU-sport

'n Omvattende verslag insake sportaangeleenthede aan die PU, wat die beginpunt kan wees van ingrypende veranderinge in die hele sportopset op die kampus, is onlangs deur die voorsitter van die Beheer Komitee van die Sportinstituut, prof. Johan

Claassen, aan die Rektor oorhandig. Hierdie verslag dien vroeg in April voor die Raad van die Universiteit.

Volgens 'n woordvoerder van die Sportinstituut gaan die verslag uit van die standpunt dat doeltreffende, georganiseerde afrigting ten grondslag lê van alle sportprestasies. Die Sportinstituut gaan hom voortaan daarop toelê om afrigting op so 'n hoë peil te plaas dat dit nie slegs voornemende studente wat in sport uitblink, hierheen sal lok nie, maar dat dit terselfdertyd ook die PU se beeld na buite kan bevorder.

Die PU se sportbeeld is die afgelope tyd skade berokken deur swak vertonings, veral op interuniversitêre vlak. Die 1978-Intervarsity teen UOVS, toe die Pukke in omtrent alle sportsoorte die knie moes buig en in die hoofsport, rugby, maar bedroë daarvan afgekom het, het besinning genoodsaak. Voorheen is kommissies van die Sportraad en die Sportinstituut aangestel om die saak te ondersoek. Vroeg in 1979 het die Sportinstituut met 'n reeks vergaderings die hand diep in eie boesem gestee.

Wat afrigting aanbetref, sal groot klem voortaan op bekwaame afrigters geplaas word. Baie aandag sal ook aan afrigtingskursusse, klinieke en toernooie bestee word. Al hierdie fasette van afrigting sal behoorlik deur die Sportinstituut beplan, georganiseer en gekoördineer word.

Dit spreek vanself dat besondere aandag aan die klompie hoof- of prestigesportsoorte geskenk sal word, omdat die algemene sport-

beeld van die Universiteit hoofsaaklik deur prestasies op daardie gebiede bepaal word. Tog is die idee nie dat die kleiner sportsoorte afgeskeep sal word nie aangesien daar steeds 'n hoë premie op deelname self geplaas word.

• Studentesentrum

Waar die Studentesentrum binne afsienbare tyd betrek gaan word, betree die Pukke die era van binnenshuise sportbeoefening wat deesdae so gewild is. Die Sportinstituut voel dat die potensiaal van hierdie sportsoorte betyds ten volle ontwikkel moet word. Die groot sportaal, waarin sportsoorte soos gimnastiek en selfs tennis aangebied kan word, en die ses muurbalbane (een met 'n glasmuur) is groot bates wat kan meehelp om die sportbeeld van die Universiteit te bevorder.

In die verslag van die Sportinstituut word sekere ingrypende aanbevelinge gemaak ten opsigte van finansiering van sport en die voorsiening van fasiliteite, op die kort- en langtermyn. Die Pukke beskik tans oor Die Studentesentrum en die Fanie Du Toitsportterrein bied van die beste sportfasiliteite in die land. Daar sal sinvol vir die toekoms beplan moet word om met ontwikkeling tred te hou.

• Koshuissport

Wat die beheerstruktuur van sport aan die Universiteit aanbetref, word sekere wysiginge met die oog op doeltreffende funksionering in die vooruitsig gestel. Die Sportinstituut sal egter voortgesette aandag aan hierdie aspek gee, veral in die lig van die steeds toenemende eise wat groter deelname aan massasport in die vorm van koshuissligas stel.

Saspu stap uit weens ASPU!

Ná 'n hewige debat oor die deelname van ASPU (Afrikaanse Studentepersoneel) tydens die nasionale redakteurskonferensie (NRK) wat by die Universiteit van Stellenbosch gehou is, het die afgevaardigdes en waarnemers van die South African Students' Press Union (Saspu) die vergadering verlaat.

'n Lang debat op Saterdagoggend, 24 Maart, oor die feit dat ASPU slegs waarnemers sonder spreekstem na die konferensie gestuur het, het aanleiding tot dié uitstappery gegee. Die redes wat deur ASPU aangevoer is, was nie vir die organiseerder, mnr. Chris Heymans, of vir Saspu aanvaarbaar nie. Ná die debat het Saspu 'n mosie wat nie letterlik aanvaar is nie, ingedien.

Die konfrontasie tussen Saspu en ASPU het Vrydagmiddag reeds begin toe Saspu die "passiewe" ASPU-waarnemers uitgedaag het om hulle posisie te heroorweeg en ten volle aan die konferensie deel te neem. Volgens Saspu sou die stilswye van ASPU die byeenkoms nutteloos maak. In 'n persverklaring van US het die

publikasiekomitee van hierdie universiteit dieselfde vraag gestel.

ASPU-waarnemers en mnr. Heymans het Vrydagmiddag tydens 'n kaas-en-wyn-geselligheid weer verskil. Hy wou hê dat ASPU-waarnemers moes deelneem om die konferensie meer sinvol te maak. Mnr. Jan de Wet, studenteraadsvoorsitter van US, was die saak van die ASPU-waarnemers simpatiek gesind en het voorgestel dat hulle in persoonlike hoedanigheid deelneem.

Op 'n ASPU-hoofbestuursvergadering van 10 Maart is besluit dat ASPU nie sy koerante na die NRK sal stuur nie, maar slegs waarnemers sonder spreekstem. Die rede hiervoor was laat kennisgewing van besonderhede oor die NRK. Tydens die ASPU-hoofbestuursvergadering het ASPU ook twyfel oor die bestaansreg van 'n NRK uitgespreek en die organiseerders versoek om die konferensie uit te stel en die program betyds beskikbaar te stel sodat ASPU-deelname bespreek kan word. Die NRK is egter nie uitgestel nie, en slegs waarnemers is gestuur. Die ASPU-waarnemers

het die hoofbestuursbesluite die Saterdagoggend verduidelik. Op 'n volgende ASPU-hoofbestuursvergadering sal positiewe voorstelle vir die daarstelling van sinvolle NRK's opgestel word, om ASPU se positiewe ingesteldheid oor NRK's te bewys.

Die term "waarnemers" het verwarring onder die kongressgangers teweeg gebring. Verdere kritiek is op 'n persverklaring van die publikasiekomitee van US gelever.

Saspu was ontevrede met die voorstelle en standpunt van die ASPU-waarnemers, en het voorgestel dat Saspu of ASPU die vergadering verlaat.

Die konferensie was reeds met twee-en-'n-half-uur vertraag, maar voortgesit met die ASPU-waarnemers wat as individue deelgeneem het.

Mnr. Heymans het ten slotte die doeleinde van ontstaan het en die onvoldoende bywoning van beide ASPU en Saspu betreur. Hy het 'n positiewe gesindheid vir toekomstige konferensies bepleit.



Volgens Asbeeld moet verantwoordelike Swartleiers soos hierdie meer seggenskap kry oor eie omstandighede. Op die foto verskyn 'n gedeelte van die Soweto Raad. (Foto: Die Transvaler)

ASBEELD ERNSTIG OOR SWARTES

Die jongste uitgawe van Asbeeld handel oor die swartes buite die Tuisland. Hoe en waar die stedelike swartman sy regmatige politieke mag gaan uitoefen is die kernvraag van hierdie studiestuk.

Die opstellers poeg hierin om 'n moontlike oplossing vir die probleme van die stedelike swartman voor te stel. Voordat gegronde oplossings bedink kan word, moet die Afrikaanse student kennis van die feitlike situasie hê. Ons volkerebeleid behoort op dinamiese wyse akkomoderend vir die meerder-

heid swartes in wit Suid-Afrika te voorsien.

Burgerskap moet teen die agtergrond van ons erkenning van volkereverskeidenheid in Suid-Afrika gesien word. In die studiestuk word drie riglyne vir 'n mondighe oplossing gebied.

Polities-dogmatiese denke is belangrik, maar wanneer aanpassings sonder prys-gawe van beginsels geveer word, moet hierdie toegewings gemaak word. Die swartmense moet weet dat ons hulle ook die bevreemding van hulle aspirasies gun.

In 'n onderhoud met Die Wapad het die woordvoerder van die Sportinstituut daarop gewys dat die aanstelling van mnr. Dirk de Vos as Adjunkdirekteur, Sportpromosie, die eerste stap in die rigting was om PU-sport weer sy regmatige plek te laat inneem. Die implementering van die nuwe voorstelle van die Beheer Komitee vorm 'n onafskeldbare deel van die groot opset en 'n noodsaaklike voorwaarde vir prestasies, wat op sy beurt weer die basis verskaf van waar doeltreffende promosie geloods kan word.



Mnr. Frikkie van Niekerk is nuwe voorsitter van Kultuurraad. Hy is ook Voorsitter van die PU-koor.

● Kultuurraad

ASTER AAN DIE WERK

'n Aster-uitstalling is op Dinsdag, 3 April, in die Totiusaal aangebied. Dit is die eerste uitstalling van hierdie aard wat deur Aster gehou is. Die projekte wat in die komende termyn aangepak gaan word, is Dinsdag bekendgestel.

'n Modeparade wat in

samewerking met Foschini gehou is, pakkies wat na die grens gestuur is, 'n demonstrasie wat deur Sarie aangebied is en 'n besoek aan 'n ouetehuis in Potchefstroom tel onder die projekte wat reeds afgehandel is.

Vanaf Meimaand word die volgende kursusse aangebied:

- Pottebakkerij
- Houtsneewerk
- Blommerangskikking
- Onthaal
- Mannekynskursus en etiket
- Motorbestuurslesse
- Motorwerktuigkundelesings

Inskrywingsvorme vir hierdie kursusse sal in die volgende uitgawe van Die Wapad verskyn.

● Akademiese raad

TUSSENVERKIESING IN FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Op Maandag, 9 April, vanaf 11h30 tot 16h30 kan daar by die kantoor van die Akademiese Bestuur vir Natuurwetenskappe vir 'n nuwe voorsitter gestem word. Die kantoor is in die deurloop onder die Wiskunde-Chemie-Fisika lesingsaalkompleks. Die vorige voorsitter het weens grondige redes bedank.

Alle studente van die Fakulteit Natuurwetenskappe is stemgeregtig. Die kandidaat is mnr. Gert Coetzer en Jean Combrinck.

GERT COETZER

Curriculum vitae:

Studeer vanaf 1970 tot

1973 aan Potchefstroomse Onderwyskollege en behaal T.H.O.D.

Hou skool vanaf 1970-1977.

Dien op verskeie verenigingsbesture rakende onderwys (bv. kultuur- en sportverenigings) as student en as onderwyser.

1978: skryf in vir graad B.Sc aan PU.

1979: Tweede jaar B.Sc. Vakke: Plantkunde II, Chemie II en Mikrobiologie I.

1979: Verkies tot klasvertegenwoordiger vir Chemie II en tot Departementsvoorsitter vir Chemie en Penningmeester op die Akademiese Bestuur vir Natuurwetenskappe.

Jean Combrinck

Curriculum vitae:

1976: Skryf in vir B.Sc aan PU vir CHO.

1978: Voltooi B.Sc-graad met Wiskunde en Sielkunde as hoofvakke.

1978: HK-lid van Villagers. Dien op studenteparlement. Dien op Politiese Perspektiefkomitee.

1979: HK-lid van Villagers.

1979: Studeer HOD (G) Klasvertegenwoordiger van HOD (G) en van Wiskunde Metodiek. Departementvoorsitter van Wiskunde.



ASB-REGSKONFERENSIE

DIE Universiteit van Pretoria bied op 27 en 28 April 1979 'n regs-konferensie aan.

Dit sal by die Hoërskool Brits gehou word. Vervoer word vanaf UP-Buitemuurs na Brits gereël. Alle belangstellendes word gevra om voor 20 April met die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria te skakel.

VAN DER WAALS NA KORPS

OP 9 April 1979 praat kol. Van der Waals op uitnodiging van Korpsveldie Voor en Korpsel-Heide in Over-de-Voor se sitkamer. Die onderwerp is die rewolusionêre aanslag op Suid-Afrika.

SELFVERDEDIGING

DEMONSTRASIES in selfverdediging word volgende semester by die verskeie dameskoshuise aangebied. Dit sal opgevolg word met verdere klasse vir belangstellendes.

KONTAKPOLITIEK

KONTAKPOLITIEK het vir George Thabe genooi om oor die Vaaldriehoek gemeenskapsraad te kom praat. Dit sal om 19h30 in die Senaatsaal gehou word. Almal is welkom.

MONTAGU-MUSKADELFEES

'N MUSKADELFEES word die naweek van 20 April op Montagu gereël. Wyntuine en 'n groot braaivleiskompetisie word aangebied.

Belangstellendes moet Piet Joubert so gou as moontlik kontak.

KULTUURRAAD: ONDERVOORSITTER

ALLE besture van die verskillende verenigings moet op Maandag 9 April tussen 13h00 en 14h00 by die SSR-kantoor gaan stem vir 'n nuwe ondervoorsitter. Die kandidaat is mnr. Ryk Brink van Die Voortrekkers en mnr. Mario Smith, die algemene organiseerder.

Wesvalia Boekhandel

Tomstraat 84

Tel. 6660

Verskaffers van opvoedkundige boeke en skryfbenodigdhede.



SMAAKLIKE VLEISPASTEIE BY DIE PUK-PIKI

Affikampus

INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE

● NUSAS

1979-BESTUUR VERKIES

Mnr. Aurret van Heerden is onlangs herkies as

die NUSAS-president vir 1979. Volgens 'n berig in

● DOK

Oriënteringsmoleste

Oriëntering op die Durbanse Onderwys Kollege het dié jaar hande uitgeruk, volgens Dokkieblad van Maart 1979.

Die positiewe doelstellings van die oriëntering, naamlik die inburgering van eerstejaars in hulle nuwe milieu is egter verwaarloos ondanks ongelukkige ongerymdhede weens onverantwoordelike optrede.

Fisiese uitputting, ongeag fisiese gebreke en die inname van sekere onverteerbare "gediertes" word

onder die negatiewe oriënteringspraktyke genoem. Die probleem van eerstejaars wat reeds twee jaar weermagdiens agter die rug het en steeds die knie moet buig voor hulle akademiese seniors, is 'n teer punt.

Dokkieblad meld dat oriëntering sy snaaksheid vir die seniors begin verloor en nie meer dien as goeie vermaak nie, maar as 'n wyse waarop die senior homself laat geld en sy gesag probeer bewys.

● UPE

SMITH KRY EREGRAAD

Mnr. Ian Smith, die Rhodesiese Eerste Minister, en prof. Frederick Seitz, 'n vooraanstaande Amerikaanse wetenskaplike, het op 20 Maart eregrade van

die Universiteit van Port Elizabeth ontvang, berig die Upen van 8 Maart.

Mnr. Smith het die graad Doctor Philosophiae Honoris Causa ontvang uit

erkenning vir sy uitmuntende prestasies as politikus en volksleier. Nadat mnr. Smith Rhodesië in 1964 tot UDI gelei het, het hy homself keer op keer as 'n uitmuntende leier bewys. Die ywer waarmee hy in sy soeke na 'n vreedsame skikking vir die netelige Rhodesiese vraagstukke gewerk het, verdien net lof.

Prof. Seitz, die president van die Rockefeller Universiteit van New York, is 'n baanbreker op die gebied van Vaste Toestand Fisika. Sy boeke en artikels dien reeds vir jare as inspirasie vir die lektore en studente van die UPE.

Dr. Anton Rupert, kanselier van die UPE, sal tydens die jaarlikse gradeplegtigheid grade en diplomas aan studente oorhandig.

Affikampus-flitse

'n Tussenverkiesing om die twee vakante portefeuljes op studenteraad van UPE te vul, is op 14 en 15 Maart gehou. Die vakatures het ontstaan nadat mnr. Dave Lewis en Pilot Loots bedank het. Ná 'n skommelende verloop het die SSR-lede die portefeuljes van Akademiese skakeling en Studentevoordele vakant gelaat.

(UPEN, Donderdag 6 Maart 1979)

X X X

Mnr. Johan Wasserman, SSR-voorsitter van die Universiteit van Stellenbosch, voorsien die moontlikheid van affiliasie van die SSR by die ASB. 'n Referendum waarin die studente self sa moet besluit vir of teen affiliasie word in die vooruitsig gestel. Mnr. Wasserman het dit aan die Maties gestel daar wel ontwikkeling in die ASB plaasgevind het, maar nie verandering nie; volgens hom dra "verandering" negatiewe konnotasie. "Die president van die ASB is 'n goeie administrateur en hy speel 'n belangrike rol veral met die studiestukke waarvoor Stellenbosch hou", het hy gesê.

(HeRAUT, 22 Maart 1979)

X X X

Die Broederbond is deesdae groot nuus in Wits Student, die studentekoerant van Wits, ná die verskyning van "The Super Afrikaners". Die boek van Hans Strydom en Ivor Wilkens handel oor die betrokke Afrikaanse kultuurorganisasie.

Bewerings dat die lede van die Universiteitsraad lede van die Broedersbond is word in Wits Student gemaak. Die vise-rector van Wits, prof. D.J. du Plessis, het 'n aansienlike gedeelte van die artikel oor die Broederbond gesensor. Verder het hy verbied dat die name van enige Universiteitsraads lede in die verband gepubliseer mag word.

(Die HeRAUT, 22 Maart 1979)

Die Perdeby, 23 Maart 1979

Potch Inry

Tel. 21881

April

9 - 14 1ste vertoning : The Big Sleep - Akteur: Robert Mitchum

11 - 14 2de vertoning : High Anxiety - Akteur: Mel Brooks

16 - 17 1ste vertoning : The Rescuers - Walt Disney avontuur

20 - 21 2de vertoning : The Rescuers - Walt Disney avontuur

18 - 21 1ste vertoning : Casey's Shadow - Akteur: Walther Matthau

Korpsraad

Gedisaffilieerdes mis roeping

Mej. Leenster Pasch het op 29 Maart studente van Wanda- en Caput-koshuise ingelig oor die ASB.

Mej. Pasch is bekommerd oor die onbetrokkenheid van die PU-student. Die Afrikaanse-Studentebond berus op twee grondslae: Christenskap en Afrikanerskap. Die student wil nie as 'n geroepe mens op die kampus en as leier optree nie.

Mej. Pasch het die geskiedenis van die ASB uiteenge-sit. Die ASB is nie 'n geheime

organisasie met geheime fondse nie. Die organisasie is in 1916 gestig en NUSAS in 1924. In 1933 het die ASB doodgeloop, omdat geen beroep op die Afrikanerskap van die Afrikaner gemaak is nie. Van Julie 1978 tree die studenterate van die kampusse as regspersone op. Voor 28 Februarie 1979 kon enige student as persoon van die ASB disaffilieer.

Die doel van die ASB is om die christelik-nasionale lewensbeskouing uit te dra en om die Afrikaner se be-

lange te behartig. Die same-snoering van alle kampusse en die ontwikkeling van denksrominge is belangrik. Hierin is die Potchefstroomse Universiteit die leidende kampus.

Die ASB wil land- en lewensvraagstukke evalueer en steun die bestendiging van volkereverhoudinge. Deur samesnoering kan die vooroordele van kampusse teenoor mekaar afgebreek word.

Dieptekonferensies wat

aangebied word, word oor die algemeen swak byge-woon. Die ASB wil die stu-dent stimuleer om oor sy kul-tuur te dink. Mej. Leenster Pasch het gevra wat die kul-tuur van die moderne Christen-Afrikaner is. Verder wil die ASB ook andersden-kendes en anderskleuriges by mekaar uitbring. Die tema van die ASB is identiteit en hoe dit saamhang met etnisiteit.

Mej. Pasch het gevra wat die student se persoonlike verhouding tot die ASB is. Op die PU is 'n mens "uit" as jy pro-ASB is. Die modewoord is "disaffiliasie". Die studente is negatief en onbetrokke. Sy het gesê dat die student vra wat die ASB vir hom of haar doen en nie wat die student self vir die ASB kan doen nie.

Die ASB gee elke student die kans om met swart stu-dente te praat. Die vereniging is oop om met swartmense te kommunikeer.

Argumente teen die ASB is dat hy te pro-swart is en dat die ASB 'n frontorganisasie vir die Ossewabrandwag is.

Die argumente word geopper deur mense wat buite die organisasie staan en nie bereid is om binne die ASB te verander nie.

Mej. Pasch het ten slotte gesê dat die PU op beginsel-grondslag berus en as die lei-dende Afrikaanse kampus beskou word. Net 'n mens se gewete kan 'n mens verplig om deel te wees van die ASB.



Prof. Johan Claassen, voorsitter van die Beheerkomitee van die Sportinstituut, oorhandig die finale uitslag van die sportondersoek aan die Rektor, prof. Tjaart van der Walt. Links staan mnr. Piet Malan, Sportdirekteur. (Kyk berig, bl. 1)

BRUIN STUDENTE SKAKEL NIE MET WIT

Verskeie referate oor die studentepers en die politiek is tydens die nasionale re-dakteurskonferensie van 23 en 24 Maart op die Uni-versiteit van Stellenbosch gelewer.

Mnr. Abdul van die De-partement Ontwikkeling van die Universiteit van Wes-Kaapland het oor die studen-teaktiwiteite op UWK gepraat. Hy het gesê die argument dat daar vir elke verskillende kul-tuurgroep 'n eie universiteit moet wees, hou nie vir die bruinmense stand nie.

Volgens mnr. Abdul word die standpunt van dr. Berg-ens en mev. Jansen nie deur die bruin gemeenskap erken nie. Mnr. Abdul sê die studente van UWK wil nie met wit uni-versiteite skakel nie, omdat hy verplig word om daar te studeer. Daar bestaan nie 'n gebrek aan leierskap nie,

maar inmenging van staats-kant.

Goeie skakeling met ander gekleurde universiteite be-staan wel. Ongeorganiseerde gesprek kom ook volgens mnr. Bergens voor. Hy sê die UWK word streng deur die Veiligheidspolisie dopgehou. Dit bring mee dat studente nie openlik wil praat nie.

Identiteit het volgens mnr. Abdul 'n politiese vloekwoord geword. Die bruinman is 'n Afrikaner wat polities platge-slaan en verneder sou wees, en die generasiegaping kom ook by die bruinmense voor.

Referate oor die rol van die studentekoerant op die kampus en in die samele-wing, die studentekoerant en jool, die grondwetlike rewolu-sie in Suid-Afrika, en foto-journalistiek is ook gelewer en bespreek.

Studenteburo lewer diens

Die Studenteburo wat aan die begin van 1979 met sy werksaamhede begin het, het reeds op verskeie ge-biede diens aan studente gelewer.

Gedurende die tydperk 6 Februarie tot 28 Maart het ongeveer een duisend voor-nemende studente en ouers die Buro besoek vir inligting aangaande kursussamestel-ling, toelatingsvereistes en

studenteprobleme in die al-gemeen. Deur middel van gereelde beraadslaging wil die Buro verseker dat stu-denteleiers doeltreffend funksioneer en tree ook op as skakel tussen die studente en die Rektor.

Ten opsigte van studente-opleiding is die Studenteburo tans besig om 'n naamlys op te stel van kundige persone wat bereid is om studente in

die verband behulpsaam te wees. Hulle sal opleiding ver-skat ten opsigte van beplan-ning van onder andere aksies, moontlike sprekers, donateurs en potensiele borge.

Die Buro sal ook beheer uitoefen oor studentetoere en sal ook verantwoordelik wees vir die aanstelling van toerouers. Daar word tans gewerk aan die instelling van akademiese raadgewers in die koshuise. Hierdie stelsel sal bekend staan as die Ou-boetstelsel. Die raadgewers sal senior studente wees wat akademies goed presteer.

Die doel hiervan is om veral eerstejaarstudente te help om meer effektief te stu-deer deur foute in hulle studiemetodes vroegtydig te identifiseer en uit te skakel.

Akademiese Raad AIESEC ruil uit

Vier B.Comm-studente van die PU is uit 67 studente in Suid-Afrika gekies om Novembermaand oorsee te gaan deur middel van die AIESEC-uitruilskema.

Van hierdie 67 studente het 37 werk gekry wat met behulp van 'n rekenaar aan 'n spesifieke firma gekoppel is.

Die studente moet nog finaal deur die firmas aan-vaar word, voordat die reël-ings gefinaliseer kan word.

Die vier studente van die PU is: Mario Pretorius, Johan van Zyl, Antoinette de Villiers en Heidi Smith.

Mario is gekies om Noor-weë toe te gaan, Johan sal Kopenhagen in Denemarke besoek, Antoinette gaan na Siegen in Wes-Duitsland en Heidi gaan te Tilburg in Ne-derland werk.

Nog twee dosente en die studente van die PU staan 'n kans om deur 'n nuwe keu-ring ook oorsee te gaan.

Prof. Stoker word tagtig

'n Spesiale viering vir prof. H.F. Stoker se tagtigste verjaarsdag is op Donder-dagmiddag, 29 Maart, met die Jaarlikse Stoker-lesings gehou.

Prof. L. Schultze van die Hammanskraalse Teologiese Skool het die middag 'n lesing gelewer oor die christen in die wysbegeerte, 'n probleem waarmee prof. Stoker en sy tydgenote, Dooyeweerd en Bavinck, lank reeds worstel. Prof. Schultze het veral gewys op die verbondenheid van wetenskap en geloof en die rigtinggewende funksie van

die geloof in die wetenskap. 'n Formele dinee waarop prof. Johan Heyns van die Universiteit van Pretoria die hoofrede gehou het, het die aand plaasgevind. Sy tema was "Hoof trekke van die Cal-vinisme in Suid-Afrika" en hy het kortliks die filosofie van prof. Stoker saamgevat. Hierna het prof. Tjaart geluk-wense namens die Univer-siteit aan prof. Stoker oorge-dra. Goeie wense het onder andere van Nederland, Kanada, Amerika, Engeland en Duitsland ingestroom.

Die lesings het suksesvol afgeleëp.

Akademiese Raad Standaardverhoging in Akademie

Eerstejaars moet gekeur word voordat hulle na die PU vir CHO kan kom en studente met 'n swak half-jaarpunt moet gevra word om lewiers die universiteit vroegtydig te verlaat.

Dit is twee voorstelle wat op die eerste vergadering van die Fakulteitskomitee Lettere en Wysbegeerte aan die hand gedoen is as ma-niere om die standaard van die akademie te verhoog en

die druipeyfer onder eerste-jaars te verlaag.

'n Kommissie van onder-soek sal binnekort deur die Fakulteitskomitee aangestel word.

Volgens die voorsitter van die Akademiese Raad, Mnr. Cobus Viljoen, is dit onver-staanbaar waarom studente wat besef dat hul op pad is om te druipe, nie van die Insti-tuut vir Sielkundige en Op-voedkundige Dienste se gratis dienste gebruik maak nie.



LEPEL IN DIE DAK STEEK?

Ruk u reg met Super Sixty



Moenie afgerem raak nie- laat Super Sixty in u dieet vervang wat moderne tegnologie daaruit haal - Vitamien, die bron van lewenskrag.

'n Gehalteprodukt van
NATURMADE
ons dra u gesondheid op die hart.

Herwin u energie, fut en lus vir die lewe met Super Sixty - die nie-sintetiese gesondheids-tabule, vol van liggaamlike heilsaamheid. Elke Super Sixty tabule bevat kragtige Vita-mien E plus 59 ander noodsaaklike vitamien, spoorelemente en aminosure. Super Sixty is geformuleer in 'n groentekonsentraatbasis van pietersielie, seldery, prei, kelp (seewier) roosbottel, sitrusbioflavonoïde, melasse, toru-la-gis en lesities - 'n Volke gebalanseerde samestelling.

SUPER SIXTY is by alle apteke op Potchefstroom verkrygbaar.

die WAPAD

ASPU BESKERM LEDE

Die uitstappery van die Saspu-verteenwoordigers en -waarnemers by die onlangse Nasionale redakteurskonferensie was miskien indirek die gevolg daarvan dat ASPU nou aktief sy lede begin beskerm het. Juis omdat ASPU wou hê dat die konferensie uitgestel moet word, is die organiseerders gevra om die konferensie uit te stel sodat die uitgenooide meer tyd kon hê om deeglik voor te berei sodat 'n meer sinvolle konferensie gehou kon word. Dit is verblydend dat ASPU nou sy beskermingsfunksie aktief begin uitvoer.

Dit is betreurenswaardig dat Saspu uitgestap het nadat die mosie, soos hulle dit ingedien het, uitgestem is. 'n Mens wonder of dit nie daarop dui dat hulle moeilik verloor nie. 'n Mens lê jou tog neer by die besluite van 'n vergadering. Hoewel die sogenaamde neutrale koerante, die Matie en die Upen, nie openlik kant gekies het nie, moes hulle tog in hierdie saak ASPU ondersteun het - die uitslag van die stemming het immers daarop gedui. As hierdie gebeure daartoe sou lei dat daar beter begrip tussen die ASPU-koerante en hierdie "neutrale" Afrikaanse koerante ontwikkel, kan hierdie onsmaaklike gebeure tog 'n positiewe klankie kry.

'n Kommunikasiegaping bestaan tussen die koerante van ASPU en Saspu. Dit het ook uit die gebeure van die naweek duidelik geword. Dit sou net goed doen as die twee organisasies meer kontak kon opbou, soos deur byvoorbeeld notules uit te ruil en mekaar na vergaderings en konferensies uit te nooi.

Die Matie en die Upen, die sogenaamde "neutrale" koerante kan ook nie met die beste wil in die wêreld 'n bufferrol speel nie. As dit moontlik was, moes die pas afgelope nasionale redakteurskonferensie 'n rasende sukses gewees het. Hoewel die konferensie op die Matie-kampus gehou was, het daar tog 'n konfrontasie plaasgevind, hoe hard daar ook probeer is om dit te verhoed en hoe jammer dit ook al was.

ASPU het sy positiewe ingesteldheid teenoor die NRK's bewys deur aan te dui dat hy sy beste gaan doen om die konferensies in die toekoms te laat slaag. Die feit dat die ASPU-waarnemers selfs bereid was om in persoonlike hoedanigheid deel te neem, bewys dat die ASPU-mense goedgesind is.

BRUIN STUDENTE

Die toespraak van mnr. Abdul op dié konferensie het op meer as een punt 'n mens se denke gestimuleer. Die blanke - en veral ons in die Transvaal word dikwels net met die een kant van die saak gekonfronteer, naamlik dié van dr. Bergens en mev. Jansen.

Die onwilligheid van bruin studente om met wit studente te kontak, is betreurenswaardig, maar tot 'n groot mate verstaanbaar. 'n Mens wil egter 'n beroep op hierdie mense doen om hulle tog bereid te verklaar om te gesels oor hulle probleme. Net so kan die blanke meer begrip hiervoor kry. Dit is veral nodig, juis omdat hy deur hierdie mense beskuldig word dat hy die bruinman verstoot het.

Identiteit het 'n vloekwoord geword volgens mnr. Abdul. Dit is jammer dat hierdie tema miskien só oordryf is dat dit hierdie antipatie gewek het. 'n Mens kan net hoop dat die ASB vanjaar hierdie tema só sal benut en positief sal ontplooi dat dit ook vir hierdie mense duidelik sal word dat identiteit 'n realiteit van die hele mensdom is.

SPORT GAAN BEELD BOU

Die grootse planne van die Sportinstituut met die sportbeleid van die PU verdien alle lof. Die ideale wat hulle daargestel het, getuig van heldere en eerlike denke oor hierdie saak.

Die werklikheid is raakgesien: die sportstandaard van 'n universiteit bepaal tot 'n groot mate die aansien daarvan. Dit is op sigself 'n jammerte dat sport die aansien van 'n primêr akademiese samelewingsverband moet bepaal.

Dit gaan egter om die PU-beeld: dan moet 'n mens maar verby dié doring in die vlees kyk en die realiteite raaksien, veral as mens onthou dat sport al hoe meer 'n akademiese bedrywigheid word.

DAAR WAG TYDENS DIE **KWIB-KAMPIOEN-SKAPPE** IN DURBAN OP DIE **MATIES** (SHAME) 'N GROOT VERRASSING.....!!



'n Toetsingskompetensie vir die howe

deur SIEGFRIED EISELEN

Die vraag of ons Hooggeregshof 'n toetsingskompetensie het, dit wil sê of hy bevoeg is om Parlements wette se geldigheid te toets, het in Suid-Afrika vir die eerste keer sterk onder die soeklig gekom met die konstitusionele skandaal in die middel-vyftigerjare.

Destyds was daar benewens die verskanste taalklousules 'n klousule oor Kleurlingstemreg in die grondwet van die Unie wat ook verskans was. Hierdie klousule is op 'n onkonstitusionele wyse verander, sonder die nodige twee-derd sonder die nodige twee-derd meerderheid van 'n parlement. In die opspraakwekkende Harris-beslissing is hierdie wetgewing van die Parlement ongeldig verklaar omdat dit nie volgens die korrekte prosedure aangeneem is nie.

Daarop het 'n hewige stryd tussen die Parlement en die howe ontstaan wat die emosies veral onder Parlementslede laat opvlam het. Dit het uiteindelik uitgeloop op art. 59(2) van die huidige Grondwet wat bepaal dat geen hof bevoeg is om 'n uitspraak te maak oor die geldigheid van 'n wet, behalwe met betrekking tot die verskanste taalklousule nie.

Een van die mees algemene argumente wat teen die toetsingskompetensie van die howe aangevoer word, lui soos volg: "die Parlement is die soewereine wetgewer en ons laat ons nie deur die howe regeer nie."

Die ontwikkeling van die toetsingskompetensie in ander lande gaan hand aan hand met die ontwikkeling van die moderne regstaat wat maar eers redelik onlangs sy verskyning gemaak het. Die kenmerk van die regstaat is dat die wetgewer nie die hoogste gesag in die land is nie, maar dat hy ondergeskik is aan die grondwet. Om te verseker dat die wetgewer nie wetgewing in stryd met die verskanste grondwet aanneem nie, het die howe 'n toetsingskompetensie. Daar is dus 'n objektiewe maatstaf, nl. die grondwet, waarvolgens alle wetgewing van die Parlement beoordeel kan word - dus geen sprake dat die howe regeer nie, maar

slegs dat die Parlement se werk beoordeel word aan 'n maatstaf wat hy self daargestel het.

Hierdie toetsingskompetensie behels nie alleen die beoordeling van die prosedure waarvolgens die wet aangeneem is nie, maar ook 'n beoordeling van die inhoud van die wet. Die howe kan dus 'n wet (of sekere artikels daarvan) ongeldig verklaar op grond daarvan dat die inhoud van die wet nie te versoen is met die inhoud van die bepaling van die grondwet nie.

Die howe maak dus nooit beleid nie, hulle sorg net dat die Parlement konsekwent optree. Hierdie maatregel het tot gevolg dat die regering nie eenvoudig kan maak en breek soos hy wil nie, sorg ook vir groter regsekerheid in die staatsregtelike opset, omdat regeringveranderinge nie so maklik die fundamentele orde van die staat en regte van die burgers kan beïnvloed nie.

Die toetsingskompetensie van die howe behoort nou weer sterk onder die soeklig te kom met die nuwe konstitusionele bedeling, waar Parlementêre soewereiniteit 'n fiksie gaan word - wat gaan die hoogste gesag wees? Die drie-parlemente stelsel hou ook groot moontlikhede van konflik in, veral oor konstitusionele kwessies wat gaan

opduik, soos of 'n spesifieke Parlement die bevoegdheid het om wetgewing aan te neem oor een of ander saak, en/of dit eerder by een van die ander tui behoort? het 'n Parlement sy bevoegdhede oorskry? bots sy wetgewing met 'n ander Parlement s'n, en indien wel, wie moet voorrang geniet?

Die voor die hand liggende oplossing is 'n toetsingskompetensie aan die howe wat as 'n buitestaander die kwessies in 'n meer objektiewe lig sal kan beoordeel. In die meeste gevalle sal die dispute draai rondom interpretasieprobleme van die nuwe konstitusie, en dan is die howe eintlik die aangewese beoordelaar, want toepassing en interpretasie van regsreëls is hulle werk.

Ten spyte van die sterk gevoel teen 'n toetsingskompetensie wat selfs vandag nog onder politici te bespeur is, moet daar in die lig van die nuwe ontwikkeling baie sterk daaraan gedink word om sodanige magte aan die howe te gee.

Hierdie artikel is deur Politiese Perspektief geskryf. Dit is 'n publikasiekomitee van die Politiese Raad, PU vir CHO Standpunte wat hierin gestel word weerspieël nie noodwendig die standpunte van die Politiese Raad nie."

Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.

ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Kruger, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.

NUUSREDAKTRISE: Mariëtte van der Walt, De Wetstr. 5, Tel: 5492.

INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR: Estelle Oosthuizen, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211/2.

RAADSREDAKTEUR: Izak Minnaar, Caput, Tel: 3375/6.

DIEPTE-ARTIKELREDAKTRISE: Marianne Slot, Tomstr. 26, Tel: 23429.

DAMESBLADREDAKTRISE: Anna-Marié le Roux, Karlien, Tel: 3214/5.

KUNSTBLADREDAKTEUR: André Howard, Klooster, Tel: 3468; 22246; 22151.

SPORTREDAKTRISE: Rolene Koch, Vergeet-My-Nie, Tel: 5211/2.

VAALDRIEHOEKREDAKSIE: Koos Pretorius, Tel: 43915; Algerda van Dyk, Tel: 3364356; Leon Botha, Tel: 337232.

FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius, Oppikant.

Uit die Woord

"En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik. En hy het op sy aangesig neergeval by Sy voete en Hom gedank. En hy was 'n Samaritaan." Luk. 17:15,16.

Gods Woord het geen belangstelling in mense en dinge op sigself nie, omdat niks "opsigself" bestaan nie. Alles en almal staan in verhouding en in betrekking tot ander, en in die laaste instansie in verhouding tot God. Die vloek van Eva se blik op die vrug was juis dat sy dit op sigself beskou het in plaas van om te onthou hoe God daarteenoor staan. As ons ons siekte op sigself beskou, dring ons nooit deur tot die verborge seën daarin nie. Net so met ons gesondheid. Ook dit moet ons nie op sigself geniet nie. 'n Kind het ontaard as hy alles wat sy ouers hom gee, op sigself geniet. Die skoonheid van die gawes wat hy ontvang, lê juis in die feit dat dit nie uit die lug geval het nie, maar dat dit uit 'n sorgende vader- of moederhand kom. Om dit te ontvang asof dit maar net om die dinge self gaan, beteken die dood van 'n warme persoonlike lewe. Die mens bestaan nie ter wille van die dinge nie, maar die dinge ter wille van die mens. 'n Gesin of gemeenskap waar alles altyd volgens 'n presiese patroon moet verloop, ontlaas maklik in 'n koue onpersoonlike masjien waarin mense nie meer mense is nie maar ratte en skroefies.

Dieselfde geld in ons verhouding tot God. Gesondheid is 'n wonderlike gawe. Maar as ons gesondheid op sigself geniet, sonder om die Gewer te loof en te dank, word ons onmense. Ons gesondheid is eers werklik 'n seën as ons Gods genade daarin sien, erken en eer. A tien melaatses het van Jesus die gawe van gesondheid ontvang. Daar was egter net een wat hierdie gawe in verband met die Gewer gesien het en voor Jesus neergeval, het om God te dank. Maar juis hy het ook die ware seën van God ontvang: Christus. Net hy - een uit tien. Die ander nege het hul gesondheid beskou as 'n heerlike toeval. Hulle het hul familie, hul arbeid en gemeenskap lankal waarwegesê. En nou kry hulle die eenskaps alles weer terug deur hulle gesondheid. Maar net dit. Die Samaritaan het alles ook net so ervaar, maar nog iets daarby, waardeur sy genesing nie maar net 'n liggaamlike en maatskaplike gebeurtenis gebly het nie, maar 'n geestelike en ewige wins geword het. Hy het die geheim van sy gesondheid gesien en herken: Jesus Christus. Die gawes van God sonder God self is ontoereikend. Ons gesondheid is eers werklik 'n seën as ons God daarvoor prys en ons naaste daarmee dien.

Lees: Luk. 17:11-19

UIT

NO.

13

Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel - anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband - Red.

Lamsakkigheid weerspieël

Geagte Redakteur,

Dit is wat ek op die PU bespeur. Vir speletjies en allerlei piesier is daar genoeg tyd - te veel tyd; maar vir 'n aksie van die Akademiese Raad waar drie hooggeagte sprekers optree, is daar nie tyd nie.

Wat is fout? Is die PUKKE bang vir ooreising van hulle verstand?

Die genoemde aksie is op 15 Maart in die groot lesingsaal van die Geografiegebou aangebied. Die onderwerp was "Staatsubsidie aan universiteitstudente onder die huidige ekonomiese omstandighede". Die sprekers was dr. D.S. Henderson, rektor en vise-kanselier van die Universiteit van Rhodes; Dr. H.S. Steyn, die Direkteur van Universiteitsaangeleenthede van die Departement van Nasionale Opvoeding; en prof. Tjaart van der Walt, ons eie Rektor.

Drie sulke hooggeagte gaste, en wat maak die PUKKE? Hulle skitter in hulle afwesigheid - PATETIES! Deur hierdie optrede is die Akademiese Raad, die Sentrale Studenteraad en boweal, ons Rektor in verleentheid gestel. Dit is 'n aanklag teen elke Puk wat sonder goeie verskoning nie teenwoordig was nie.

So 'n gees van lamsakkigheid en onbetrokkenheid hoort nie op die PU nie!

J. le Roux.

Trots handhaaf identiteit

Die Redakteur,

Een sinnetjie uit die ASB-vlugskrif, ASBOM, het die hele ou sak suiker weer op die vloer gemors:

"Afrikaner-identiteit word ge-

IN MEMORIAM

Hiermee betuig Die Wapad sy meegevoel met die naasbestaandes van mnr. M.P. Flick van Kos-huisadministrasie wat op 2 April weens 'n ernstige hartaanval vroeër, oorlede is.

handhaaf deur eie trots en waardes en nie deur wette nie."

Girls-garts loop ons weer oor die ontugwette - die doellose vernederende onsmaklike spul goed wat 'n mens behoorlik soos dorings steek.

Ons roem en is so maklik trots op ons hoofletter Afrikanerskap. Ons het 'n eie taal; Afrikaans; 'n eie kultuur; die Voortrekkers, Broederbond, Rapportryers en Vroue Landbou Unie, Volksfeeste en Sondagmiddagkuiertjies met koeksisters en melkert en koffie ... 'n brandewyn-tjie eers as die son gesak het; 'n eie party waarvoor ons stem en gevolglik ook 'n regering wie se beleid ons sonder vraag of frons onderskryf - ontugwette en al ... of veral. Wat meer wil 'n mens nou hê!

Van die Swartes is ons bewus ... Hulle woon in die lokasie, werk in die kombuis, het gedurig ooms en susters wat doodgaan en na wie se begrafnis hulle moet gaan, dra passe en stink (effens). Daar is goeie geleerde Swartes ook. Hulle is ministers in die tuislande en ry Mercedesse en stink nie.

Maar waar pas die ontugwette in as daar sulke radikale verskille tussen ons mense en die swartes is?

"Vir die beskerming van ons eie identiteit", hoor ek iemand sê. Maar verskoon tog die onkunde, ek dag dan nou ons is Afrikaners (met 'n hoofletter) en ons is trots op ons eie kultuur en vol vertroue in ons toekoms? Hoe kom dan wette maak om ons bloed suiwer te hou? Is die Afrikaner dan "after all" nie so kuis en innig nie en ook maar geneig tot alle kwaad en vind hy dan ondanks alles tog die gras anderkant die kleurlin, ek bedoel draad, groener of moet ek nou sê sappiger (en ons praat nou nie party politiek nie)?

Met wetboek en knuppel wil hulle ons bloed wit hou. Wat van die fopwiele van die fietsie afhaal en kyk of self-respek, eie trots en morele waardes ons nie bo' kan hou nie.

ESTELLE OOSTHUIZEN

Studiestuk-skrywer antwoord

Geagte Redakteur

As een van die opstellers van die studiestuk oor rassisme voel ek om INTERROGATIVE se brief in Die Wapad van 23 Maart te beantwoord. Dit lyk vir my of INTERROGATIVE 'n trotse Afrikaner of Christen mag wees.

As laasgenoemde waar is, glo ek dat ons 'n basis vir ons gesprek het. INTERROGATIVE sal miskien verbaas wees dat ek hom nie wil etiketter as verkrampt, 'n Hertzogiet en derglike terme wat in ons volkslewe rondgegooi word as liberalis, kafferboetie en integrasionis nie. Ek beskou dit etiketterdery as onbybels. Die Christen-Afrikaner voer gesprek nie deur beledigings rond te gooi of op gesag van mense nie, maar deur vir mekaar uit God se Woord aan te toon waar daar verkeerd gegaan word.

INTERROGATIVE se eerste stelling is dat Nusas die Afrikaner uitgekryt het as 'n rassie en nou doen die ASB daaraan mee. In die studiestuk word gewerk met die feit dat die Afrikaner van alle kante beskou word as die rassie van die wêreld. Op bladsy vyf en sewe word

egter uitgewys dat dit 'n onreg is dat die Afrikaner so beskou word. Bladsy vyf: "Rassisme kom nog wêreldwyd voor en gaan terug in die geskiedenis. Dit is dus foutief en onsuiver om die Afrikaner en die Blanke as rassistiese sondebok uit te sonder."

Bladsy sewe: "In die kritiek teen die Afrikaner word dinge dikwels bygesleep onder die noemer rassisme, wat geensins rassisties is nie, en wat daarop volg."

Die skrywers van die studiestuk vind nie rassisme by die Afrikaner op grond waarvan Nusas dit bevind nie, met 'n definisie van rassisme wat nogal heelwat verskil van 'n skrywer se definisie van rassisme. Dit verskil met Nusas wat groterdeels met definisies van liberalisme werk: "Die liberalisme glo aan 'n gelykberegtiging van alle mense met die uitwissing van grense tussen mense. Die christen onderskei teenoor die dogma van gelykheid 'n ongelykheid tussen mense, maar daarnaas tog 'n gelykwaardigheid. (Sien op bladsy vyf die deel onder opskrif "Uit een bloed".)

Die skrywers erken eg Bybels die feit dat die mens, ook die Afrikaner, in sonde geval het. Ons aanvaar dat alleen die Bybel en nie Nusas vir ons ons sondes kan spieël nie.

INTERROGATIVE maak 'n verdere stelling waarin hy die beleid van afsonderlike ontwikkeling en gelykwaardigheid van volke afspeel as botsende gedagtes. Interrogative, u sou nie ver hoef te soek na regeringsuitsprake om te besef dat in teenstelling met 'n beleid van verknegting, die beleid van afsonderlike ontwikkeling berus op die gedagte dat elke volk gelykwaardig is en 'n reg op selfbeskikking het nie.

U stelling dat die swartman nie weet wat gelykwaardigheid beteken nie, is miskien 'n veralgemening. Indien dit so is, is dit juis ons plig om die blye evangelie vir die mense te bring - gelykwaardig voor God, ongeag geslag, finansiële status, velkleur of watter menslike waarde-oordeel ook al. (Vergelyk Gal. 3:28, Jak. 2:12).

Hierdie verlossingsboodskap het nog nooit mense opgesteek tot 'n revolusie nie. Wat wel waar is, is dat die teologie van die revolusie hierdie evangelieboodskap misbruik.

Interrogative beweer verder dat die studiestuk net die regte ding is om rasse-onluste verder aan te blaas. As 'n pleidooi vir rasseharmonie en geregtigheid rasse-onluste gaan ontken, is daar geen hoop vir Suid-Afrika nie.

Interrogative, jy is ook reg, maar ons mag nie die bloed van Christus vertrap deur revolusie te stook nie. Mag ons die versoening wat Christus verwerf het, beleef oor ras en volksgrense.

P.A. Odendaal,
(Brief verkort - red.)

Poplap ignoreer glo vraagstukke

Geagte redakteur

Alhoewel ek beswaar maak daarteen om geklassifiseer te word onder die "breë" Puk-dames, wil ek tog my mening oor die sogenaamde damesblad uitspreek.

As 'n mens volgens logiese wette redeneer, dan lyk dit vanselfsprekend dat as daar

een blad elke twee weke vir dames is, die res van die koerant vir mans bedoel is. Hieruit lei ek af dat die algemene Puk-dame, volgens die redaktrise, intellektueel net in staat is om dit te lees wat op die damesblad verskyn. Dit is 'n verdunde vorm van politiek, 'n skets van 'n persoon en wenke oor ouens, hare, kler, ensovoorts, ad nauseam!

Die logika daaraan verbonde om dinge wat in elke tydskrif verskyn weer op damesblad te herhaal, het my nog altyd ontwyk. Dit is tyd dat Poplap wakker word en besef dat die lewe meer is as 'n diamantring en 'n onderrok wat uitsteek. Wat van die gróóte probleme van ons tyd? Wat van gelyke betaling? Die werkende moeder? Alles vraagstukke wat ons nie langer kán of mág ignoreer nie en tog doen Poplap juis dit. Word wakker uit jou honderdjarige slaap, Poplap, dit is die twintigste eeu.

Aangesien Die Wapad 'n universiteitskoerant is, verwag 'n mens minstens 'n hoë akademiese peil. Na my mening skiet Poplap ver tekort as dit by dié vereiste kom. Meen u dat die meeste Puk-dames in elk geval B.A.-Mansoeke swot, of is die wagwoord: "Hou op dink"? Laat ons hoop dat Poplap spoedig of sal begin dink of heeltemal van die toneel verdwyn.

Shirley Conran sê in haar boek *Superwoman*: "Life is too short to stuff a mushroom." Die lewe is te kort om Poplap te lees!

I. Jansen van Rensburg,
(Brief verkort en effens gewysig - red.)

DAMESBLADREDAKTRISE ANTWOORD:

Die logika van die skryfster(wer) dat Die Wapad nie vir die Puk-dame bedoel is nie, begryp ek nie. Poplap probeer vir die Puk-dame iets spesieels gee - die dinge waarin 'n dame geïnteresseerd is.

Ek glo in elk geval dat die gewone Puk-dame belangstel in die dinge wat eg vroulik is. As Poplap met haar huidige inslag die skrywer irriteer, stel ek voor dat sy/haar leesstof soek wat by sy/haar besondere belangstellings pas!

ASB-toespraak op band

Geagte Redakteur

Na aanleiding van Estelle Oosthuizen se beskouing oor "ASB en Nusas leiers praat saam" (23/3/79) waartydens Theuns Eloff so gunstig deur Engelse studente ontvang is (sy toespraak het selfs meer aanklank gevind onder die Engelse studente as die van hul eie Nusas-leier Auret van Heerden) dat hy hom met moeite vir 'n afspraak moes verskoon, ens. net die volgende:

"'n Hele paar punte rakende die inhoud van Theuns Eloff se toespraak het sy nie aangeraak nie. Sy het seker haar redes. Aangesien ek in besit is van 'n bandopname van Theuns Eloff se toespraak, voel ek dat die Pukke behoort te weet dat Theuns ook die volgende te sê gehad het:

● "The ASB used to be a verkrampte organisation. It is tending to become more verlig, as is illustrated by the motion to appoint a committee to investigate the question of Crossroads". Ek sou graag van mnr. Eloff wou weet of die hele ASB verligting nastreef,

Briewe moet nie langer as 300 woorde lank wees nie, anders sal dit verkort word.

of is dit net sekere figure in die ASB?

● Hy het voorts gesê: "Often I thought more radically than I would speak on a platform." Ek neem aan, dat die verhoog van ons Engelse vriende die ideale klimaat vir u is om aan u radikale denke uiting te gee.

● Ek haal verder aan: "If I left the ASB I would have nowhere to go, as I am an Afrikaner and would not be acceptable anywhere else. So I decided to stay in the ASB and change it from within." Beteken dit, mnr. Eloff, dat die ASB deur 'n radikale/linkse element geïn-filtreer is om dit in 'n linkse beweging te stuur. Snaaks dat sommige Engelse self van opinie is dat die ASB tans pure PFP is.

● Om mee voort te gaan: "The Afrikaans student led a very isolated existence and they were pre-occupied with their identity." Dit verbaas my dat mnr. Eloff hom in ons midde bevind. Ek sou ook wou weet hoekom u nog hier is, meneer Eloff.

● Ek haal weer aan: "The Afrikaner as a people are stubborn and obstinate." Word hierdie beweging gemaak omdat die Afrikaners nie voorheen bereid was om met die buitelanders, veral beweerde CIA-lede, te skakel nie? Ek vra maar net.

Een student het gesê dat hy na sy toespraak van mening is dat Theuns beter af sou wees op 'n swart universiteit. Theuns se antwoord was: "I have a white skin and thus am prohibited from this."

Auret van Heerden was bewus van Theuns Eloff se probleme. Ek haal hom aan: "How easy will it be for them to change this political attitudes if dancing isn't even allowed on the campus." Ek neem aan, mnr. Eloff, dat ná nog 'n paar koppies tee by die Amerikaanse ambassade in Pretoria die toekoms vir u rooskleurig behoort te lyk. Sou u bereid wees om dieselfde toespraak op die PU te herhaal, sê byvoorbeeld in die Totius?

Interrogative

Afrikaner reg en dien

Die redakteur

Hiermee enkele woorde aan diegene wat dit so teen Afrikanerskap het.

Om by die geskiedenis te begin: Ons voorouers trek uit die Kaap omdat hulle nie hul eie identiteit kon uiteleef onder 'n Engelse regering nie. Juis hierom maak hulle ook oorlog teen die mense wat ons land wou oorheers. Hierom gaan die hele taalstryd.

Die mense wat nie bereid was om te veg vir hul land en hul taal nie, is in daardie tyd verraaiers genoem, oorlopers.

As jy Suid-Afrikanerskap wil aanhang en verkondig, dan moet jy bereid wees om alles wat eie en uniek is aan jou volk, prys te gee. Dan het jy geen trots meer vir jou taal en geskiedenis nie. Dan moet jy doen wat die verraaiers gedoen het, destyds al.

Ek is 'n Afrikaner. Ek sal veg vir my land wat God aan my gegee het om hier my kakielkele te dra en hier in vrede my God te dien.

Om te sê ons sluit alle bevolkingsgroepe onder een

sambreel in en veg dan as Suid-Afrikaners, is sinneloos. Niemand sal my beweeg om te veg sodat ek 'n Zoeloe-stamdans kan doen of my voorouers of 'n Allah kan aanbid nie.

Laat elke volk eerder uitbou wat uniek en mooi is in sy geskiedenis en tradisies. Laat ons almal saamwerk om mekaar die geleentheid te gee om dit te doen.

Dan kan ons saam gaan veg - elkeen vir dit waarop hy trots is.

Gert Breed

Mansklere verlei dames

Geagte

Geagte redakteur,

Vanaf my eerstejaar op die PU het mnr. Theuns Eloff telkens die refrain oor die dames se langbroeke wat so styf sit. Klaarblyklik sit 'nét dames se langbroeke styf, 'nét hulle is oorgewig en op een of ander onlogiese wyse is 'nét hulle uitlokkend in hulle kleredrag.

Mnr. Eloff, ek wens jy wil 'n bietjie na die mansstudente se broeke kyk. Party van hulle sit so styf dat dit 'n positiewe gevaar vir die gesondheid is. Oor die aard van die onderklere is daar gewoonlik ook geen twyfel nie. Laat tog bietjie iets aan die verbeelding oor!

In teenstelling met die populêre mening kan mans ook uitlokkend wees. 'n Laag oopgeknoopte hemp en styfpassende broek is uitlokkend vanuit beide geslagte se oogpunt. Verder is 'n meisie veel meer gesteld op haar gewig en voorkoms as die man (ongelukkig), en sal nie sommer iets dra wat sleg lyk nie. Ek stel voor dat die SSR-lede vir terreine en geboue die kampus 'n guns sal doen en 'n paar lang speëls in die manskoshuise ook laat installeer.

Sarie Groenewaldt.



Die PU se hokkie-trots, Retha Burger.

HOKKIE-TROTS

Die PU is besonder trots op Retha Burger. Sy is gekies om vanaf 5 tot 7 April in Johannesburg aan 'n nasionale toernooi deel te neem. 'n Beperkte aantal spelers uit elke provinsie is uitgenooi.

Spektrum 1979

Ensemble Flauto Dolce, die groep uit Windhoek, het Donderdagaand 5 April in die konservatorium opgetree. Op die foto verskyn vnr Johan Pieterse, Petrus Krige en Jochen Wecke. Die ensemble het onder andere werke van Frescobaldi, H.M. Linde, G. Donizetti en J.S. Bach. Heinrich van der Mescht was die pianis by die geleentheid.



Skemervonkel vonkel in die Tuin

Die Skemervonkel, "Wenen, stad van my drome" wat in die tuin van die Departement Spraakleer en Drama vanaf 26 tot 30 Maart aangebied is, was besonder geslaagd gewees.

Alhoewel Wenen in meer as drieduisend liederes besing word, het Brenda Potgieter met 'n keuse van 'n tiental of meer liedjies skitterend daarin geslaag om die betoering aan die gehoor oor te dra. Die sang wat deur Rina Hugo en Paul Schutte ver-

skaf is, was van 'n hoë gehalte.

Die Potchefstroomse Schrammelorke bestaande uit twee viole, 'n trekklavier, 'n kontrabas en 'n kitaar sit die Weense tradisie voort. Die woord en lied besing net een ding: die vreugde en voorreg om 'n Wener te wees, en om Amandelbome te sien bloei. Die sang voer ons ook weg na die romantiese klein straatjies en wynhuise.

Wenen is ook 'n stad van die wals en hiervoor is ook voorsiening gemaak, maar

die walsdraaie was nie altyd so geslaag nie, omdat party dansers effens onseker voorgekom het.

Dit was heerlik in Wenen!

Sondagkonsert beloof groot

Afgesien van die opwindende Collegium Musicum-program wat op Donderdagaand, 5 April, deur die Ensemble Flauto Dolce in die konservatorium aangebied is, is daar op Sondagmiddag, 8 April, 'n program van J.S. Bach-musiek.

Die eerste ses preludes en fugas van "Das Wohltemperiertes Clavier" word deur Martie Koornhof op die klawesimbel uitgevoer. Daarna speel Daleen Kruger

en Edward Davey koraalvoorspele op die orrel - wat veral betrekking het op die Paastyd.

Die kleinkoor van Potchefstroom sal telkens eers die spesifieke koraal sing voordat die orrelwerk uitgevoer word.

Dit is die eerste in 'n reeks Sondagkonserte wat uitsluitlik aan die musiek van J.S. Bach gewy word. Die konserte vind om 15h30 plaas en bespreking moet die Vrydag vóór die betrokke Sondag gedoen word.

Digkompetisie wek belangstelling

Die poësiekompetisie wat deur Die Wapad uitgeskryf is, wêreeds baie groot belangstelling en 'n hele klompie inskrywings is reeds ontvang. Deelnemers word weereens daarop gewys dat die sluitingsdatum reeds die 7de Mei is en dat slegs die vakansie oorbly om die pogings te vervolmaak.

Die beoordelaars is Prof. T.T. Cloete, dr. Elsabé Steenberg en mnr. Jan Swanepoel. Tafelberg-uitgewers het ingestem om 'n prys van R50 vir die beste gedig uit te reik.

ASPU se poësiekompetisie vind op 2 Junie plaas en die wengedig sal die PU op dié kompetisie verteenwoordig.

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE OP KAMPUS

Die TYDSKRIF VIR

LETTERKUNDE is nou op die kampus beskikbaar. Die uitgawes van Augustus en November 1978 is reeds beskikbaar, en die uitgawe van Februarie 1979 sal binnekort beskikbaar wees.

Die Augustus-uitgawe bevat gedigte van Wessel Pretorius, Jennifer Fletcher Friedman, asook 'n verslag deur D.J. Opperman oor sy letterkundige laboratorium. In dié uitgawe is daar ook 'n artikel deur Henning Snyman oor die "taaldenke" by P.J. Haasbroek.

Die November-nommer bevat onder andere 'n eenbedryf deur Marlene van Niekerk, 'n artikel deur T.T. Cloete oor "Oom Karel neem sy geweer saam" van Van Melle en 'n ontleding van "Dagboek van 'n verraaier" J.C. Steyn se jongste novelle.

Die tydskrif kos R1,25 per eksemplaar en is te koop in kamer 202 of in kamer 101 van die Opvoedkunde-Sielkundegebou.

Gedigte

kyk: die man se arms is
wreed ontwortel
sy hande blom bloedrooi
papawers
slap gestengel in die wind
akrobaties skryf hy met
bloederige bene
blou verse in die grond
Johan myburg

om vir jou 'n unieke
liefdesvers
in wit lesersink te skryf
is onmoontlik
daarom steek ek vas
by die vierlettercliché
ek het jou lief

maar net soms
wil ek weggroei van die
alombekende
maanlig en rose
en ontdekker speel
aan wal van 'n ongerepte land
ek wil verspot oerdans in fik-
kervlam
van ons vreugdesvuur
en alleen teen die dronk
kranse
my diepste liefdesangs roug
totdat ek verwese biesiebed
langs die ewige rotskwek van
die branders
sluimerend op maat aan die
slaap raak
in die arms van jou
brosewoord
en manglebaar

later
as alles verby is en ek
terugkeer
dan eers
sal hierdie onaangeraakte
vrouebarbaar
tevrede wees met
ek het jou lief
daleen kruger

Woestersous

die mossies wat
op die bib se vensters sit
die mossies wat
teen die bib se ruite pik
loer-loer na binne
en kry insae
in die akademiese werklik-
heid
van studente wat
lui-lui onder bome sit
rudolph willemsse

Mode- Bewuste Dames

Antonio, van Maison Hazelette,
(Tel 5570, oorkant Checkers)
is pas terug van 'n kursus in die

Nuutste Haarsny en
Kartelings metodes.

Kom vra vir Antonio vir die
allernuutste voorkoms teen

Spesiale Studente Pryse

hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel

kontiki

steakhouse - braairesourant

12 - 2 nm daaglik - 5.30 - 10 nm weekdae - 5.30 - 8 nm Sondag

aquarius

dameskroeg - ladies bar 5 nm - 1 vm - 5 pm - 1 am



ten volle gelisensieer
fully licensed

hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel elgro - hotel

Koshuisblad



Oppikant

Nadat 1978 in Oppikant op 'n hoë noot afgesluit is met die bereiking van die half-eindronde in die touterkompensie tydens die kampusfees, het 1979 blykbaar nog nie baie beïndruk nie.

Oriëntering is redelik geslaagd afgehandel en tot voor Karneval is alle vergaderings en aksies redelik goed bygevoeg deur die ingeskrewe koshuislede. In totaal wil dit voorkom of Oppikant vanjaar effens minder aktiewe lede as verlede jaar het met presies dieselfde aantal eerstejaars. Die eerstejaars het darem 'n goeie plek in die eerstejaarsatletiek behaal.

Karneval het 'n hele omwenteling in koshuisaktiwiteite te weeg gebring met verbasende swak deelname in veral die hoofaktiwiteit, nl vlotbou. Daar waar wel deelname was, het Oppikant nie te sleggevaar nie, soos Koos Babst wat sewe uit die elf skofte van die Mielieland fietstoer gewen het en die derde plek wat behaal is in die trapkarwedren nadat die kar 'n halfuur buite aksie was.

Die tweede plek is in die Kaap-na-Rio behaal. Die HK het koppe bymekaar gesit oor deelname en die koshuis in wyke verdeel. Elke HK-lid kry 'n wyk om te "bearbei".

Deur die mans op persoonlike vlak te kontak, word gehoop om beter deelname en groter betrokkenheid te bewerkstellig.



Klooster

In die Victoriaanse gebou waar die Pikewyne bly, gaan dinge weer somer voor die wind (water). Klooster het skoonheidsgemaak op die PU se swemgala. Veral Marthinus en Bertie Loots se name verdien om genoem te word. Nou is hulle eers Pikewyne in die ware sin van die woord.

Die rugby blyk reeds in volle swang te wees. Die spelers oefen baie hard en die vrugte is gepluk met oorwinnings oor Leeudoringstad. In die eerste wedstryd van die koshuisliga het die eerste span met 26-0 teen Over de Voor verloor. Klooster het die pas goed volgehou, maar was duidelik nie bestand teen die swaarder pak voorspelers van Overs nie.

Op die PU-trapkar-kampioenskappe te Klerksdorp het die Klooster-karre stof in menige ingenieurskarre se oë geskop deur

tweede saam met Caput te eindig. 'n Geslaagde sokkerwedstryd is teen Uitspan gehou. Die spel was nie van baie hoë gehalte nie, maar almal het dit terdeë geniet en die wedstryd het gelykop geëindig met een doel elk.

Amptelike en minder amptelike aksies word gereeld gehou, maar dit sal gaandeweg plek moet maak vir die toetse wat gereed staan om die pret te bederf. Dit is egter 'n noodsaaklike euwel en sal nie veroorsaak dat die groot gees van Klooster tot niet gaan nie.



Wanda

Die koshuisliga vir netbal en hokkie het die naweek in aanvang geneem met vriendenskaplike toernooie. In beide afdelings is twee spanne ingeskryf en alvier het besonder goed gevaar.

Nanda Barnard het weer eens haar slag op die atletiekbaan gewys en tesame met haar puik prestasies neem ons afskeid van Isabel Malan wat getrou het.

Wanda is goed verteenwoordig in die Pukspanne, soos die afgelope proewe duidelik toon.

Die koshuis is gesondheidsbewus en die tema het die dames soos 'n vloedgolf getref. Hul draf van soggens vroeg tot saans laat, en ander doen enige ander oefening om fiks te word. Die oefenry en drawery het 'n aangename sosiale aksie geword. Alles dra by tot die huislikheid van Wanda.

Die vakansiegees loop baie hoog en die paar toetse wat nog geskryf moet word, demp nie die gees nie.

Alle Pukke moet die vakansie geniet en matigheid voor oë hou.



Over de Voor

So word daar mos rugby gespeel. As niemand dit opgemerk het nie; Klooster het. Overs se eerste span het met pragspel 'n oorwinning van 26-0 teen die eerstes van Klooster behaal. Die jaarlikse rugbytoer vind gedurende die komende vakansie plaas. Die toer sal ongeveer 'n week duur en groot opgewondenheid heers daaromtrent.

Een van die tradisies van Overs word tans herleef. Die Phlebes, 'n eie koshuis-koerant, is weer in volle swang. Die redaksie word sterkte toegewens en almal wag in spanning.

'n Volgende groot gebeurtenis sal sekerlik Taalbos wees. Dit is altyd 'n tyd van groot feestete met die Tukies hier.

Hou ons dop tot volgende keer.



Wag-'n-bietjie

Fiks en gesond groet die bont skilpad se dames. Na die koshuis se sesde verjaarsdag, is almal in die regte luim vir die toetse.

Die naweek het vrolik begin met vyf oud-inwoners van Wag-'n-Bietjie as kuiergaste en met groot ywer aan die Supersportvroukompensie deelgeneem het. Dié kompetisie wat op Saterdag, 31 Maart, plaasgevind het, het in 'n goeie gees verloop.

Die sewentien frisse dames wat deelgeneem het, het elk 'n oulike T-hempie met 'n "Bulldog" op 'n fiets as embleem voorop, ontvang. Die program het vroeg die oggend met ontbyt begin. Om 08h00 het die volgende sportsoorte begin: 100 m hardloop, verspring, krieketbal gooi, hokkie vaardig, burpies, 100 m swem, netbal, fietsry en 1500 m. Die sport is afgesluit met 'n rugbywedstryd waarin die S-Blok 'n oorwinning oor die U-Blok behaal het.

Die vier langasemewenners is die aand tydens 'n dinee deur die organiseerder, Erika Redelinghuys, bekroon. Etrisa du Plessis het die eerste prys, 'n sweetpak geskenk deur Johan Claassens, ontvang. Haar naam is ook op 'n skild gegraveer wat geskenk is deur Meuman en Heyneke Bou en Siviële Ingenieurs Aannemers. Die skild is 'n wisseltrofee vir die volgende vyftien jaar. Wag-'n-Bietjie beplan om die Supersportvroukompensie vir dié tydperk nog aan te bied.

Vir haar tweede plek, het Ingrid Malan 'n sweetpakbaadjie, geskenk deur Safari Sport, ontvang. Thea Potgieter het 'n Safari trui, geskenk deur Safari Sport, vir haar derde plek ontvang. Die vierde plek is gewen deur Issa Basson, wat met 'n Adidas-sak beloon is. Dit is geskenk deur Lewellyn Sport van Orkney. Thea en Issa is oud-inwoners.

Die dinee het die aand suksesvol afgesluit. Pieter Jordaan het as seremoniemeester vir 'n goeie gees gesorg. Cachet-gemeente se nie-studente susters se voortrefflike kos het almal se magies rond laat voel. Al die dames sien uit na Wag-'n-Bietjie se sewende verjaarsdag.



Uitspan

Die karnevalroes is nou behoorlik afgeslaap en begin die roes van die vakansie ernstige afmetings aanneem.

Die "Rooibeer", die nuwe trapkar, het 'n klein gedaante-verwisseling ondergaan. Die voor en agterwiele loop vir die eerste keer in dieselfde spore.

Die toetssiklus het 'n mate van bedeedsheid oor die manne gebring. Kort-kort breek daar egter 'n "onderduimse" daad uit. 'n Klomp entoesiastiese krapvangers het begin om midder-nagtlike aanslae op onskuldige slapende wesens te maak. Die algemene gevoel teenoor die krap as 'n bedmaat getuig van misnoë.

Almal kla oor die weer in Uitspan, maar niemand wil iets daaraan doen nie.



Klawerhof

Heimat het intussen hul diefstal in herooring geneem en ons potplante teruggebring. As beloning het hulle hul "poster" en koffie gekry.

Die tekens is goed dat daar binnekort 'n herhaling sal wees van die koshuisbros - die eerstejaars sal weet waarom.

Hier is 'n groepie guerillavegters in die koshuis, wat blykbaar opleiding in een van Sam Nujoma se kampe gehad het - want sowat van ondermeining... Party mense se deure word gepolitoer, ander gaan sit op suiker en die mees onskuldige hardloop verniet telefoon toe. Daar bestaan 'n sterk vermoede dat hierdie groep inwoners van "Wilde Weste" kan wees wat Sondag skielik onthou het dat dit 1 April is.

Geniet maar julle "studieverlof" voor die groot sweet van volgende termyn.



Kulu

Vir die eerste maal in 'n universiteit, die land, en heelwaarskynlik die wêreld se geskiedenis gaan 'n damespan 'n afstand van ± 600 km aflê met 'n trapkar!

Die geskiedkundige gebeurtenis vind in die komende vakansie vanaf 10 tot 16 April plaas tussen Potchefstroom en Louis Trichardt. Daar is agt trappers, drie bestuurders en twee helpers.

Die eerste skot begin op Dinsdag, 10 April om 05h00 vm. Tussen 13h00 en 14h00 sal daar televisieopnames in Johannesburg gemaak word. Daarna ry die dames tot in Pretoria waar hulle sal oornag.

Tussen-in is daar 'n hewige toetsskryfery en referaatuitwerkery. So neem die akademie 'n eerste plek in die KULU-dames se program in.

Kort agter die akademie staan die sosiale lewe. Twee juweliers voel gelukkiger oor die loop van omstandighede. Daar is selfs 'n troue op handel!

Die HK-lede van Kulu en Hombré verstaan mekaar buitengewoon goed. Met die ander sleepaksies gaan dit goed en sleg namate die veranderinge in gemoedstoestand.

Dis 'n strydvlugte klomp Kulu-dames wat reeds met die eerste sportoefeninge begin het. Elkeen wil so gou as moontlik fiks word vir volle oorgawe in die onderskeie sportsoorte.

Hier aan die einde van die termyn is die gees doodreg maar die humeure kan ook maar hoog vlam. 'n Vakansie sal die aangewese ding wees.



Caput

Die akademiese spook loop rond. Die feit bly staan dat hy probleme veroorsaak sover as wat hy loop.

Die gees in Caput loop besonder hoog. Na 'n teleurstellende Karneval is die manne in stilte besig om hul-

self voor te berei vir groot dinge. Die rugby begin momentum aanneem en Percy word nou al bedank vir sy bereidwilligheid om die manne te laat sweet.

Die eerstejaars is ten volle ingeskakel. Daar word net gehoop dat hulle ingeskakel bly, anders sal noodgedwonge met hul gal gewerk moet word.

'n Duidelike bewys dat ons kinders ook dalk eendag in hierdie asbespaleis gaan bly, word gesien in die unieke herstellpoging en verfraaiing wat aan die gang is. Soms kan mens nie glo wat mens sien nie.

Tog wonder mens watter koshuis het die aand na Karneval so vernakerig en lawaaiig om Caput en Hombré gery met 'n vreeslike kabaal. Dit was seker maar die "army".

Geluk aan al die manne wat die PU verteenwoordig in sport. Mooi so, bulle!

Net vir inligting: hier aan hierdie kant van die kampus woon die Caput-familie. Pasop, hulle is dodelik!

Kasteel



Dis stiltetyd! ... wie het die melkbeker? ... wie bad na jou? ... daar's nou 'n vergadering vir alle hokkie-dames ... Sannie Nel, Sannie Nel -

telefoon, ag ekskuus, voorportaal! ... sal julle asseblief julle droë wasgoed van die draad afhaal?! ... hoe lyk dit met 'n bietjie koffie? ... van-aand gaan ek weer deurnag ...

Die Kastelers is maar bedrywig met alles wat koshuislewe behels en alles verloop seepglad. Tegnies se hulp word gedurig daarvoor ingeroep, want met een oggend se opstaan, het 'n koshuisdeur ingegooi onder die ysterhand van die dames ...

Op die sportveld heers ook 'n bedrywigheid en die netbal en hokkie geniet voorkeur. Afgesien van 'stroom op' met die Kaap na Rio, word dieselfde foute nie weer begaan nie.

Daar bestaan 'n nuwe tendens om allerlei 'personalia' in die badkamer kwyt te raak - 'n besondere kenmerk van die nuus is dat dit behoue bly vir die nageslag en nie net in die lug hang nie.

Die eerstejaars moes almal een aand Bros skryf - hulle moet daarom ook voldoen aan die vereistes kennis van die oudames. Almal is op die punte van hul tone en dit is seker as gevolg van dié feit dat nuwe intrekters verskyn het hierdie afgelope drie weke.

Gedruk deur Promedia

Wapadjies

Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.

HOU S.A. SKOON:

Die Bult-Droogskoongemaakery en -wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en tinnig af met ghriesmerke, vetkollie en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne siegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk. Ure: Maandag tot Vrydag - 7vm. tot 5.30nm. Saterdag - 8vm. tot 1nm.

KIES & KEUR:

Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunstblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Val 'n dag af en kom snuffel rond by: Kies & Keur, Tomstraat 96.

MOOI BLY?:

Kom kyk na ons groot verskeidenheid parfuum, verankingsmiddels, proteïnvooedseel en skoonheidsmiddels vir 'n jaar van skoonheid wat voorlê. Die Bult Apleek, Tomstraat 88B & C, Potchefstroom. Tel. 5843.

BLY RY EN RY BLY:

Nigrini Battery is die naam as jy jou motor wegspringgeroed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy helpad bank toe op sakgeld-dag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

HOOR EN SIEN VERGAAN?:

Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al. Ons klarekenaars en Alwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch, Lombardstraat 42.

WIE WIL TROU?:

Ons het kortpad vir jou; besoek Elwina, Santam-deurloop; Tel. 5412, vir daardie mooiste trouer vir jou.

BLOMME, BLOMME, BLOMME:

Ruikers, groot en klein, lieflike vars anyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dié kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

AFGESNY DEUR DUUR PETROL:

Dis nie nodig om jou motor in te ruil vir 'n mak donkie net omdat jou reistoeleag nou skielik nie ver genoeg kan rek nie. Met 'n motorfiets van FRANK MOTO X kan jy meer as tweekeer so ver kom met dieselfde petrol. Vir alle PUKKE van statige professore tot fyn dametjies is daar die regte model by FRANK MOTO X, Lombardstr. 13, Tel. 5723, Potch.

VERSLANKERS!

Bly asseblief ver weg van TURKSTRA BAKKERY want die meer as wat vlees en bloed kan verdra. As jy eers eenmaal jou oë laat dwael het oor ons goudbruin koeksusters, ons heerlike "kingsize"-oliebolle, gevul met konfyt en room, tert, koek en pastei. Dis nie so moeilik om TURKSTRA te vermy nie. Hulle is in Kerkstraat.

WERK!

Vakansiewerk vir manstudee in die Aprilvakansie: verdien vanaf R100 per week vir demonstrasie en die neem van bestellings vir huishoudelike artikels. Losies en vervoer word verskaf. Kontak student Dust by telefoon/339016, kode 016, Vanderbijlpark, vir verdere besonderhede.

STAAK DIE GEKEKKEL:

Se dit lewer met blomme. Blomme betuig liefde, inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen, is om jou geesig by die geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jou sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

TROUKAARTJIES:

Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deursny, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Skakel enige tyd! Tel. 24574.

WEES IN DIE MODE:

Skep jou eie ultrastylings met 'n Elna, ons gratis lesse, raad en hulp. Santam-deurloop, Potch. Tel. 5412.


TIKWERK:

Tikwerktarif: A4 - R1,00 (tikpapier ingesluit). Een en 'n half - A4 - R0,75 (tikpapier ingesluit). Tik van wasvelle: R0,75 (wasvelle uitgesluit). Kontak mev. M. Myburgh, Gypsumstraat 15, Carletonville, Tel.: 01491 - 2850.



CERTAIN T SHIRTS
HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS

4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863



Die PU se vier judo Junior-Springbokke v.l.n.r. Hugo Pienaar, Charl Botes, Ronell Campher en Johan Boshoff. (Foto: Rolene Koch)

JUNIOR-SPRINGBOKKE KOMPETEER OORSEE

Op Vrydag 6 April vertrek vier van die PU-judoklub se lede as lede van 'n Junior-Springbokspan en 'n SAU-span op 'n maandlange toer na Europa.

Ronell Campher, Hugo Pienaar, Johan Boshoff (Bosie) en Charl Botes het alreeds hul Junior-Springbokkleure gedurende 1978 verwerf. Die PU is tans die enigste universiteit in Suid-Afrika wat vier Junior-Springbokke het. 'n Manspan en 'n damespan wat elk uit sewe lede bestaan sal Italië, Switserland, Nederland en Brittanje besoek. Tydens die toer sal hul teen 'n Italiaanse en 'n Switserse span deelneem en in Nederland sal hul aan verskeie klubkampioenskappe deelneem. Die hoogtepunt van die toer sal die Britse

ope-kampioenskap in Londen wees.

Dié vier Junior-Springbokke het gedurende 1978 tydens tien kampioenskappe tesame 35 goue en vyf silwer medaljes verower. Hulle het aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe; die SAU-kampioenskap; die All South African Black Belt kampioenskap; die Westelike Provinsie ope-kampioenskap; die Transvaal ope-kampioenskap; die Noord-Transvaalse ope-kampioenskap en die Vrystaatse ope-kampioenskap deelgeneem.

Die PU-judoklub is tans een van die sterkstes in Suid-Afrika en dit is betreurenswaardig dat hul nie hul eie geriewe en oefenplekke aan die PU het nie. Mensse wat belangstel om by die judoklub

aan te sluit kan enige Maandag- of Woensdagaand na die Avantisaal by die POK gaan.

Die SAU-kampioenskap en die Suid-Afrikaanse kampioenskap vind albei hierdie jaar in Stellenbosch plaas. Die vier lede van die SAU-span wat Vrydag na Europa vertrek wil graag die PU bedank vir alle bydraes tot hul onkoste. Die sportredaksie wens dan ook die drie sportmanne en die een sportdame geluk met hul puik prestasies en ons weet dat julle die PU se naam hoog gaan hou in die ver lande.

PUKKE LAAT SOKKERSPELERS IN DIE STEEK

Amper die helfte van die PU se eerste sokkerspan moes Saterdag op Carletonville ook vir die tweedespan uitdra. Drie van Goldfields se spelers het ook vir die PU-tweedespan gespeel.

Dit is die haglike posisie waarin die PU se sokker verkeer. Ongeveer sestig spelers daag gereeld by die oefening op.

Ten spyte van dié probleme het die eerstespan Saterdag in 'n baie goeie wedstryd, slegs met twee punte verloor teen Goldfields se span (2-4). Die tweedespan het met een punt verloor (3-2).

Mnr. Egon Schultze, die afrigter, werk egter hard om

die standaard van die sokker te verbeter. Hy het ook reeds met die hulp van die sokkerspelers 'n koshuisliga beplan. Die liga sal op uitklop-basis gespeel word. Dit sal mnr. Schultze instaat stel om spelers uit die koshuisspanne te trek.

Die PU het verlede jaar, ten spyte van dieselfde probleme eerste in die Wes-Transvaalliga geëindig. Hulle oefen nou volstoom om dié prestasies vanjaar te herhaal.

Die afrigter doen 'n beroep op almal wat voorheen sokker gespeel het om nou die oefening op Maandag en Woensdae om 17h00 by te woon.

Kortsport

SPORT-KURSUS

Die Sportinstituut van die PU bied gedurende die Aprilvakansie 'n groot sportafrigtingskursus in rugby, hokkie en netbal op die Fanie du Toit Sportterrein aan. Bykans 1 100 kursusgangers wat van vyftig skole in Transvaal afkomstig is, sal in ses groot koshuise van die Universiteit gehuisves word. Die rugbykursus word gelei deur mnr. Nelie Smit van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en hy word bygestaan deur bekende afrigters soos Johan Claassen, Dirk de Vos, James Stoffberg, Piet Malan, Christo Holtzhausen, Piet Brand, Clive Ulyate en Thys Lourens. Die netbalkursus word waargeneem deur twee Springbokke van Noord-Transvaal, Lynette Ferreira en Charlotte Malan. Aan die hoof van die hokkiekursus staan Sally Ulyate van die Sportinstituut en sy word bygestaan deur die Springbokspeelster Rina van Zyl.

NETBAL

Die PU-netbaltoernooi gehou op Saterdag, 31 Maart, het goed afgeleëp en die uitslae is soos volg: Eerste was Karlien 1; Vergeet-My-Nie 1 was tweede en Heide 1 het derde geëindig; Klawerhof 1

was vierde en Oosterhof 1 vyfde; Kasteel 1 het sesde en Wanda 1 sewende geëindig. Tydens hierdie toernooi is bepaal watter spanne aan die intervarsity teen RAU sal deelneem. Die netbalstandaard dié jaar is van 'n baie hoër gehalte en die kompetisie tussen die eerste vyf spanne gaan nog baie spannend wees.

HOKKIE

Die PU se eerste en tweede dameshokkiespanne het op Saterdag 31 Maart oorwinninge van vyf doele teen nul en ses doele teen nul behaal in wedstryde teen die tuispanne.

Die volgende mans van die PU-manshokkiespanne is gekies om aan die o/21 proewe vir mans vir Wes-Transvaal deel te neem: Frikkie Taute, Kallie Gründschloss, Dennis Thomas, André Olivier, Pierre van Heerden, Wim Vergeer en Jaco Botha.

GHOLF

Tydens 'n vriendskaplike kompetisie gehou op 9 Maart 1979 teen TUKS het die PU slegs met twee en 'n half punte teen drie en 'n half verloor. As in ag geneem word dat TUKS verlede jaar tweede geëindig het tydens die SAU-kompetisie, het die PU-span besonder goed gevaar. Phillip Barnard (Wes-Transvaal), Clive Ulyate, Arrie Mouton, Deon du Preez (Wes-Transvaal), Fanie Zaayman en Rory Kurtley het vir die PU deelgeneem.

MUURBAL

Die koshuisliga het onlangs begin en sal voortaan elke Maandagaand (mans) en

Karin de Wet in aksie gedurende die netbaltoernooi gehou op Saterdag 31 Maart. (Foto: Thys Hart)

Donderdagaand (dames) plaasvind. Pukke kan van die geleentheid gebruik maak om as toeskouers aan die toernooi deel te neem.

RUGBY

Die uitslae van die eerste spanne van koshuise wat op Saterdag 31 Maart plaasgevind het is soos volg: Villagers wen met ses punte teen Amajuba se vier punte; Overs wen Klooster met 26

punte teen nul; Caput wen Drakenstein met negentien punte teen nul; Hombré wen Dawie Dup met 21 punte teen vyftien.

Daar moet genoem word dat die PU-toeskouers se belangstelling bra flou is en baie kan verbeter.

Gedurende Paasaweek vind die Toyota Klubkampioenskap in Durban plaas. 'n Span van die PU gaan deelneem met mnr. James Stoffberg as kaptein en afrigter. Die span sal eerste teen die Maties te staan kom. Daar word gedink dat die Maties die PU-span beslis gaan onderskat en dus nie voorbereid gaan wees op 'n heerlike verrassing (vir die Pukke) nie. Die span sal uit twintig lede bestaan en word geborg deur Admiral. Vanaf die begin van die rugby-seisoen was die PU-span se oefeninge gemik op die wedstryd teen die Maties. As die PU-span die Maties klop, sal die res van die kampioenskap nie juis moeilik wees om baas te raak nie.

Sewe PU-spelers het op Woensdag 4 April vir Wes-Transvaal op die veld gedraf teen 'n internasionale vyftiental wat tans in Suid-Afrika toer. Die redaksie wens die volgende spelers geluk met hul insluiting in die Wes-Transvaal span en hoop dat hul goeie ondervinding teen die internasionale spelers opgedoen het. Die spelers was: James Stoffberg, André Markgraaf, Vic de Klerk, Nic Nortjé, Cobus van Wyk, James Young en Michael Carlisle.

TENNIS

Op Maandag 9 April in Pretoria begin agt spelers van die PU-span deelneem aan die Suid-Afrikaanse senior geslote toernooi. Elbé Kruger van Klawerhof verteenwoordig die PU vanaf sewentien tot 22 April by die Wes-Transvaalse junior toernooi.

SPORTRAAD

Die Sportraad beoog om 'n reklame film te maak wat sal handel oor die aktiwiteite van die sportraad. In die film sal alle sportsoorte aan die PU bekend gestel word deur 'n kort filmopname van elke sportsoort. Goedkeuring vir die maak van die film is alreeds verkry. Die sportraad het 'n voorstel ter tafel geneem waar daar gevra word vir 'n wetenskaplike ondersoek na die invloed van sport op die PU se beeld na buite. Dit sal hoofsaaklik na die Departement Ontwikkeling verwys word.

Kasteel val aan terwyl Kulu bekommerd toekyk tydens die interkoshuisliga wat op Saterdag 31 Maart plaasgevind het.

(Foto: Thys Hart)



Overs wen 'n skoon bal in die lynstaan teen Klooster in verlede Saterdag se koshuisliga-wedstryd. (Foto: Thys Hart)

